NG GEMEENTE REITZ
Voltyds-onbepaalde gemeenteleraar

Gemeenteprofiel:

- Die gemeente is ’n plattelandse gemeente geleë in die Noordoos-Vrystaat.
- Daar is ongeveer 579 belydende- en 121 dooplidmate.
- Die ouderdomsverspreiding van die gemeente is onder ` andere 41% tussen 26 en 59 jaar en 33% is 60 jaar en ouer.
- Die gemeente is verdeel in 17 dorps- en agt plaaswyke.
- Daar is twee NG gemeentes in die dorp wat die laer- en hoërskool met koshuise en ’n tehuis van bejaardes (Huis Sorgvry) met ongeveer 100 inwoners, bedien.
- Reitz is ’n dinamiese landbougebied met verskeie groot landbouverwante bedrywe.

Leraar se profiel:

- Die gemeente het behoefte aan ’n leraar wat van harte oortuig is dat hy/sy geroep is om ’n herder en leraar in die kerk van die Here te wees en ’n person wat nie net die Woord verkondig nie, maar ook daarvolgens leef.
- Persone 55 jaar of jonger met vyf jaar ondervinding as gemeenteleraar, geniet voorkeur.

Vergoeding:

- Die vergoedingspakket word vasgestel met die sinodale skaal as riglyn.
- Die gemeente beskik oor ’n ruim pastorie op die kerkterrein.

Aansoekprosedure:

- Aansoekers moet ’n e-pos stuur aan Elsie Heymans (skriba) by, ngkerkreitz@gmail.com om ’n vraelys te ontvang.
- Stuur dan ’n kort CV, saam met die voltooide vraelys na bogenoemde adres om aansoek te doen **vóór of op Dinsdag 15 Januarie 2019**, vir **diensaanvaarding so spoedig moontlik met aanvang van tweede kwartaal.**
- Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Navrae: Kerkkantoor, 058 863 1034 (k/u 08:00 - 13:00)
Murray Smith (Leierouderling), 082 559 7329